

'n Plek waar jy kan ontspan

Of jy nou op soek is na 'n romantiese wegbreek, 'n ware stapervaring of 'n kampnaweek in styl, Rustig bied almal rus en vrede.

Dié ou plaas in die Mootvallei aan die voet van die Magaliesberg bied jou presies wat sy naam voorspel – rustigheid vir die siel.

Delf in die geskiedenis

Rustig se geskiedenis strek oor meer as 80 jaar toe die eenaar en jou gasheer, Johan Oosthuizen se oupa, Frederik Jacobus Kloppers, die grond in 1930 gekoop het.

Johan se ma is 81 jaar gelede op Rustig gebore en bly nogsteeds op die plaas! Boonop, as jy 'n geskiedenisfoendi is, is daar oorgenoeg doendinge in die omgewing met die nabygeleë Anglo-Boereslagvelde en Britse laers naby.

Word weer een met die natuur

Behalwe vir die volop voëllewe en die spogtuin is daar ook wild om na te kyk soos swartwitpens, koedoe, duiker, vlakvark, ystervark, jakkals, lui-perd en vele meer. Gaan op 'n wildkykrit of geniet die natuur te voet...

Rustig het vier staproetes waarvan twee dagstaproetes is en twee oornagroetes.

Die Olienhoutroete is die kortste roete en jonk en oud sal hierdie 3 km-roete geniet waarlangs jy besienswaardighede soos die ou windpomp kan sien.

Die Witstinkhoutroete neem jou verder teen die Magaliesberg op en bied jou 'n paar uitdagings. Gaan kyk gerus na die Nuwejaarsgrot.

Bekyk die wêreld vanuit 'n voëlperspektief op

die Kareeroete wat 'n 13 km-oornagroete is, wat al die pad tot bo-op die berge strek.

Maar die tweede oornagroete, die Magalieskransroete van 15 km, is die opwindendste roete en jou bene gaan die hardste werk op dié roete. Die roete spog boonop met 28 leertjies op en af teen die rotsagtige berghange.

Gesinne met kinders ouer as tien jaar is welkom om die Magalieskransroete te stap waarlangs jy ook prentjiemooi uitsigte van die Hekpoortvallei kan inneem.

Rustig het natuurlik ook 'n verskeidenheid blyplekke om jou (en jou beursie) te pas.

Ouwêreldse sjarme

Die oorspronklike plaashuis wat uit 1933 dateer, is vandag Rustig se gastehuis. Hierdie gerestoureerde drieslaapkamerplaashuis spog met houtvloere, spierwit linne en ou erfstukke wat jou omring.

Bespreek die hele huis en smul elke oggend aan ontbyt wat deur Rustig se eie sjef voorberei word onder een van die 80 jaar oue bome, wat deur oupa Frederik geplant is. Of geniet 'n koppie tee die middag op die ou plaasstoep.

Hou bene, hou!

Die eenvoudige slaapsaal bied stappers die perfekte oornagblyplek wanneer jy een van die twee oornagroetes aanpak.

Die saal is toegerus met bedjies en matrasse, asook 'n gasstoof en 'n yskas – jy moet net die res saambring.

En as jy nie lus is vir blikkieskos wanneer jy stap nie, is daar te kus en keur uit Rustig se spesiale stapspyskaart by die restaurant.

Altyd 'n wenner

Rustig se gewilde selfsorg-kliphuis vir ses mense is volledig toegerus en het sy eie private boma waar jy lekker tot laat kan kuier saam met vriende en familie om 'n knetterende vuur.

Onthou ook dat Rustig vir jou bykosse kan voorberei wanneer jy in een van die selfsorg-blyplekke oorbly – jy moet net jou vleis saambring vir die braaivleisvuur.

Eersteklas kamperiewe

As jou gesin graag kamp, maar nie hierdie keer ingewikkelde tentpale wil opslaan nie, bly oor in een van die luukse tente wat volledig toegerus is en 'n kombuis, badkamer, asook linne, het.

En nog?

Rustig se konferensiesaal is volledig toegerus en bied jou die ideale plek vir 'n werk- of private geselligheid. Boonop is daar slaapplek vir 66 mense op die plaas. En bring die kroos saam – hulle sal vir ure in die swembad of op die klimrame baljaar.

Hou net een ding in gedagte wanneer jy aanklop by Rustig – raak rustig en ontspan!

Bespreek jou naweekwegbreek by

☎ 079 490 2690;

✉ bookings@rustig.co.za

of besoek

die webwerf vir meer inligting by

🌐 www.rustig.co.za

